HESSEQUA MUNISIPALITEIT: VERORDENING INSAKE STRAATHANDEL

Ingevolge die bepalings van artikel 156 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, bepaal die Hessequa Munisipaliteit soos volg:-

Inhoudsopgawe

1. Woordomskrywings
2. Beginsels en doelwitte
3. Toepassing

HOOFSTUK 1: ALGEMENE BEPALINGS VAN TOEPASSING OP STRAATHANDEL
4. Beperkte en verbode gebiede
5. Plekke waar straathandel verbied word
6. Pligte van straathandelaars
7. Verbode gedrag
8. Verwydering en skut
9. Algemene goedere register
10. Wegdoening met geskutte goedere
11. Verkoop van geskutte goedere
12. Munisipale werknemers en raadslede mag nie geskutte goedere koop nie
13. Koerantverkopers

HOOFSTUK 2: ALGEMENE BEPALINGS
14. Boete
15. Verantwoordelikheid van persone wat straathandelaars in diens neem
16. Vrywaring
17. Appèl
18. Skakelforums binne die gemeenskap
19. Herroeping van verordeninge
20. Kort titel en inwerkingtreding

1. Woordomskrywings

(1) In hierdie verordening, behalwe as die sinsverband anders aandui, beteken-

"**Wet**" die Wet op Besighede 1991, (Wet 71 van 1991) en sluit dit die regulasies in wat ingevolge die Wet afgekondig is;

"**goedkeuring**" goedkeuring deur die munisipaliteit en het "goedkeur" 'n ooreenstemmende betekenis;

"**tuin**" 'n tuin waartoe die publiek die reg van toegang het;

"**goedere**" enige roerende saak en sluit dit enige lewende ding in;

"**kruising**" 'n kruising soos omskryf in die regulasies, afgekondig ingevolge die Nasionale Parkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996);

"**rommelstrooiing**" enige voorwerp of goed wat deur 'n persoon weggegooi word in enige plek behalwe 'n goedgekeurde vullishouer wat vir daardie doel voorsien is, of by 'n afvalstortingsterrein of prosesseringsterrein;

"**motorvoertuig**" 'n motorvoertuig soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996);

"**munisipaliteit**"-

(a) Die Hessequa Munisipaliteit, en sluit dit enige politieke struktuur, politieke ampsdraer, raadslid, behoorlik gemagtigde agent daarvan of enige werknemer wat ingevolge hierdie verordening optree uit hoofde van 'n mag wat in die munisipaliteit vestig en gedelegeer of gesubdelegeer is aan sodanige politieke struktuur, politieke ampsbekleer, raadslid, agent of werknemer, of

(b) 'n Diensverskaffer wat 'n verantwoordelikheid nakom onder hierdie verordening, wat aan hom toegewys is ingevolge artikel 81(2) van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, 2000 (Wet 32 van 2000), of enige ander wet soos die geval mag wees;

"**munisipale bestuurder**" 'n persoon deur die munisipaliteit aangestel ingevolge artikel 82 van die Munisipale Strukturewet, 1998 en sluit dit enige persoon in:

(a) wat waarneem in sodanige pos; en

(b) aan wie die munisipale bestuurder enige mag, funksie of verantwoordelikheid gedelegeer

het insoverre dit die uitvoering van daardie magte, funksies of verantwoordelikhede raak.